W. Smith

A17.25.4

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Hersiening : 0814/85

In die hersiening van:

DIE STAAT

teen

STEPHEN HENRY BUTCHER

---

CORAM: M T STEYN R. en EDELING R.

---

UITSPRAAK: EDELING R.

---

GELEWER OP: 20 FEBRUARIE 1986

---

Die beskuldigde is ingevolge Artikel 72 D (1) (a) (iii) van die Verdedigingswet, no 44 van 1957, soos gewysig, geklasifiseer:

> "as ŉ godsdiensbeswaarde met wie se godsdienstige oortuigings dit in stryd is om enige militêre diens te doen of militêre opleiding te ondergaan of enige taak in of i.v.m. enige gewapende mag te verrig".

Uit hoofde van die bepalings van Artikel 72 E (3) van die genoemde Wet is iemand wat aldus geklasifiseer is verplig om instede van militêre diens "gemeenskapsdiens" te verrig. Weiering of versuim om sodanige gemeenskapdsiens te doen is ingevolge die bepalings van Artikel 72 I (2) (a) ŉ misdryf en is strafbaar met ŉ tydperk van detensie wat gelykstaan aan die tydperk van gemeenskapsdiens wat die betrokke persoon nog

2./moes ............



moes doen op die tydstip van sodanige versuim.

Die beskuldigde was aangesê om by die Departement van Mannekrag, Pretoria, aan te meld vir gemeenskapsdiens, maar het versuim om dit te doen.

Die gevolg hiervan was dat hy op 6 Desember 1984 in die landdroshof, Sasolburg, tereggestaan het op ŉ aanklag van oortreding van Artikel 72 I (2) (a) voormeld. Nadat hy skuldig gepleit het en ondervra is ingevolge die bepalings van Artikel 112 (1) (b) van die Strafproseswet, 1977 is hy tereg deur die landdros skuldig bevind. Die vonnis van die hof aan hom opgelê lees as volg:

> "2175 dae detensie wat in geheel opgeskort word vir 2175 dae op voorwaarde dat beskuldigde op 12 Desember 1984 voor of op 09h00 by die Departement Mannekrag, Pretoria aanmeld en gemeenskapsdiens verrig soos bepaal deur die Direkteur-Generaal, Departement Mannekrag vir 2175 dae."

Die beskuldigde het die opskortingsvoorwaardes oortree deurdat hy hoegenaamd nie daaraan voldoen het nie en selfs nie eers in terme daarvan by die Departement Mannekrag, Pretoria of enige ander plek aangemeld het vir gemeenskapsdiens nie.

Op 12 Desember 1984 is verrigtinge teen hom in die landdroshof, Boksburg, aanhangig gemaak met die oog daarop

3./om ..............

om die opgeskorte vonnis weens die beskuldigde se versuim om by die Departement Mannekrag aan te meld in werking te stel. Die beskuldigde het sy versuim om aan die opskortingsvoorwaar= des te voldoen bevestig en te kenne gegee dat hy geen beswaar het teen die inwerkingstelling van die opgeskorte vonnis nie en dat hy inderdaad inwerkinstelling verkies. Die opgeskorte vonnis is toe in werking gestel en die beskuldigde is verwys vir 2175 dae aanhouding te die detensiekaserne, Kommandament Witwatersrand.

Die addisionele landdros van Boksburg wat die inwerking= stelling behartig het, het die aangeleentheid vir hersiening aan die Witwaterandse Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof gestuur. Hy het egter self opgemerk dat dit nie duidelik is wat die aanwysings is t.o.v. die hersienbaarheid van 'n geval soos die onderhawige nie.

Aangesien die oorspronklike vonnis in die landdroshof, Sasolburg, opgelê is, en Sasolburg in die Oranje-Vrystaat ge= leë is, is die aangeleentheid deur die Witwaterandse Plaaslike Afdeling na hierdie Afdeling gestuur vir hersiening. Uit die voorgaande blyk dit dat daar twee hoof aspekte is wat onder= soek moet word, nl.:

(a) Of dit 'n aangeleentheid is wat onderworpe is aan outomatiese





hersiening ooreenkomstig die bepalings van Artikel 302 (1) van die Strafproseswet, 1977? en

(b) Is daar enige aspek van die verrigtinge in die verhoorhof wat nie ooreenkomstig die reg was nie en wat dus reggestel behoort te word nou dat die aangeleentheid in elk geval onder die aandag van hierdie Afdeling gebring is?

Wat die eerste vraag betref moet dit ondersoek word of die begrip "gevangenisstraf" soos gebruik en bedoel in Artikel 302 (1) (a) (i) van die Strafproseswet "detensie" soos gebruik en bedoel in Artikel 72 I (2) (a) van die Ver= dedigingswet, 1957 insluit aldan nie.

Toe die aangeleentheid gestuur is aan die Witwaterandse Plaaslike Afdeling is 'n skriftelike mening aangaande hier= die vraag deur die Prokureur-generaal van die Witwaterandse Plaaslike Afdeling opgestel en voorgelê aan die hersieningsregter in daardie Afdeling. Ek het die voordeel gehad om insae daartoe te kry en wens te vermeld dat hoewel ek nie met die slotsom waartoe daarin gekom is akkoord gaan nie dit vir my van groot hulp en waarde was by die beoordeling van hierdie vraag en veral ten einde behoorlike perspektief te kry aangaande al die faktore en oorwegings wat betrekking het daarop en waaraan 'n mens moont= lik nie self sou gedink het nie. Daar word byvoorbeeld daarop gewys

dat die volgende komponente in beide die begrippe voorkom:

(i) Beide word beskou as straf.

(ii) Beide word deur bevoegde howe opgelê.

Artikel 72 I van die Verdedigingswet verleen inderdaad be=voegdheid aan 'n burgerlike strafhof om die tersaaklike deten=siestraf op te lê.

(iii) Beide strawwe word van owerheidsweë afgedwing.

(iv) Beide is kenmerkend vryheidsontnemend weens owerheids=optrede.

(v) Die duur van dusdanige vryheidsontneming is in beide gevalle bepaald.

(vi) Beide word veroorsaak deur die pleeg van een of ander erkende misdryf hetsy gemeenregtelik hetsy statutêr.

Die blote feit dat daar 'n aantal ooreenkomste is tussen gevangenisstraf en detensiestraf het egter nie noodwendig tot gevolg dat hulle vir doeleindes van hersiening gelyk gestel moet word nie. Dit is veral so omdat die hele kwessie van verplig=te hersiening statutêr bepaal word. Die uitgangspunt moet derhal=we wees dat daar ooreenkomstig die gewone bewoording van die betrokke statutêre bepaling gehandel moet word.

Artikel 302 (1) (a) (i) van die Strafproseswet, 1977

6./wat ............



wat met hierdie aspek handel lees, vir sover dit tersake is, as volg:

> "302 (1) (a) 'n Vonnis deur 'n landdroshof opgelê -
> (1) wat, in die geval van gevangenisstraf (met inbegrip van aanhouding in 'n verbeteringskool soos in Artikel 1 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), omskryf), 'n tydperk van ... te bowe gaan ... is in die gewone loop van sake onderhewig aan hersiening deur 'n regter van die Provinsiale Afde=ling wat regsbevoegdheid het."

Die gebruik van die begrip "gevangenisstraf" in die aan=gehale sub-artikel verwys na my mening <u>prima facie</u> na 'n straf ingevolge waarvan die prisonier opgeneem moet word in 'n gevange=nis soos bedoel en omskryf in Artikel 1 van die Wet op Gevange=nisse, Wet no 8 van 1959.. Hierdie siening word benadruk deur die feit dat die wetgewer dit nodig geag het om in die verwys=ing na gevangenisstraf spesifiek te bepaal dat dit ook aanhou=ding in 'n verbeteringskool, soos in die Kinderwet omskryf, sal insluit.

Ingevolge <u>die verdedigingswet (Wet no 44 van 1957), word daar spesifiek en duidelik onderskei tussen gevangenisstraf en detensie</u>. Artikel 104 van laasgenoemde wet verwys na die eer=ste bylae tot genoemde wet tesame met die reëls wat ingevolge sub-artikel 104 (3) daarvan uitgevaardig word, as die "Regle=ment van Disipline". In Artikel 91 (1) van die Reglement van Disipline word die strawwe aangehaal wat

7./deur ............

deur ŉ krygsraad onderskeidelik aan ŉ offisier, ŉ adjudant-offisier of onder offisier, en ŉ weerman opgelê kan word. Die betrokke strawwe word in volgorde genommer en volgens sub-artikel 2 van Artikel 91 moet elkeen van die genommerde strawwe geag word ligter en minder ernstig wat betref die gevolge daarvan te wees as enige straf wat dit in nommer volgorde voorafgaan. In die lys van strawwe wat aan ŉ offisier opgelê kan word kom daar wel gevangenisstraf voor maar nie detensie nie. In teenstelling hiermee kan daar wel detensie aan enige van die laer range opgelê word.

Verder blyk dit dat ingevolge sub-artikels 91 (1) (b) en (c) sodanige laer range onder andere gestraf kan word:

"(i) met die doodstraf;
(ii) met gevangenisstraf;
(iii) met ontslag met oneer uit die Suid-Afrikaanse Weermag;
(iv) met ontslag uit die Suid-Afrikaanse Weermag;
(v) met detensie vir ŉ tydperk van hoogstens twee jaar; ..."

Let op dat gevangenisstraf gelys word direk onder doodstraf d.w.s. as die tweede ernstigste straf, terwyl detensie as nommer (v) figureer en as minder ernstig beskou word as ontslag met oneer uit die Weermag of selfs gewone verpligte ontslag uit die Weermag.

Die bepalings van Artikel 93 (2) (b) van die Reglement





plaas dit verder buite enige twyfel dat daar ŉ verskil getref moet word tussen gevangenisstraf en detensiestraf. Dit bepaal uitdruklik dat gevangenisstraf nie saam met veldstraf of detensiestraf opgelê mag word nie.

Die feit dat ŉ betrokke dienspligtige deur die Raad vir Godsdienstige Beswaar as ŉ godsdiensbeswaarde geklassifiseer is en uit hoofde daarvan gemeenskapsdiens moet verrig, het nie tot gevolg dat daar tussen detensie wat aan hom opgelê word en detensie wat aan ŉ gewone soldaat opgelê word onderskei moet word wat die aard en effek daarvan betref nie. Die feit dat die betrokke detensie aan ŉ godsdiensbeswaarde opgelê word deur ŉ landdroshof maak ook geen verskil aan die benadering nie aangesien ingevolge Artikel 105 van die Verdedigingswet, 1957 ŉ landdroshof enigiemand weens ŉ misdryf kragtens die Reglement van Disipline kan verhoor en ook tot ŉ vonnis van detensie kan straf. ŉ Landdroshof het dus in elk geval net dieselfde bevoegdheid as enige krygsraad om vir enige misdaad waar dit gepas is ŉ straf van detensie op te lê. Ek is ook nie bewus van enige grondslag of beginsel waarvolgens daar ŉ verskil getref kan word tussen die wesenlike effek van detensie opgelê deur ŉ landdroshof in teenstellimg met ŉ krygsraad nie.

Uit hoofde van die voorafgaande is ek derhalwe van mening dat die bepalings van Artikel 302 (1) (a) nie van toepassing is op 'n vonnis van detensie opgelê deur 'n landdroshof nie. Bygevolg word bevind dat geen vonnis van detensie opgelê deur 'n landdroshof ingevolge die bepalings van Artikel 72 I (2) (a) van die Verdedigingswet, no 44 van 1957, soos gewysig, in die gewone loop van sake onderhewig is aan hersiening deur 'n regter uit hoofde van die bepalings van Artikel 302 (1) (a) van die Strafproseswet, 1977 nie.

Die tweede vraag moet nou nog beantwoord word naamlik of die verrigtinge insluitende die vonnis in orde is. Ek meen dat daar slegs t.o.v. die vonnis 'n paar opmerkings en aanwysings gemaak moet word.

In hierdie verband is dit nodig om Artikel 72 E (3), waarna reeds hierbo verwys is, volledig aan te haal:

> "3. Iemand wat ingevolge Artikel 72 D (1) (a) (iii) as 'n godsdiensbeswaarde geklassifiseer is, moet in plaas daarvan om –
>
> (a) diens te doen ingevolge Artikel 22, diens doen in 'n pos in sub-artikel (5) vermeld (in hierdie Wet 'gemeenskapsdiens' genoem) wat voltooi word gedurende 'n enkele ononderbroke dienstydperk wat een-en-'n-half maal so lank is as die totaal van alle dienstydperke wat andersins ingevolge daardie artikel van toepassing sou wees; of
>
> (b) diens te doen ingevolge enige ander bepaling van hierdie wet, gemeenskapsdiens doen wat voltooi word gedurende 'n enkele ononderbroke dienstydperk wat een-en-'n-half maal so lank



> is as die betrokke dienstydperk wat hy andersins ingevolge daardie bepaling moet doen of 18 dae, watter ookal die langste is:
>
> met dien verstande dat die Minister kan bepaal dat sodanige gemeenskapsdiens gedurende 'n korter tydperk voltooi kan word."

Artikel 21 van die Verdedigingswet bepaal wie diensplig moet verrig in die burgermag. Artikel 22 bepaal dan van wanneer af en watter soort diens sodanige dienspligtige in die burgermag moet verrig. Dit is die normale diensplig waartoe 'n dienspligtige soos die beskuldigde opgeroep word. Die diens wat ingevolge enige ander bepaling van die wet gedoen moet word en waarna verwys word in sub-artikel 72 E (3) (b) is byvoorbeeld diens ingevolge Artikel 44 d.w.s. diens wat deur lede van kommando's gedoen moet word. Die Artikel 22-diens beloop 'n eerste tydperk van hoogstens 24 maande en latere dienstydperke gedurende ses siklusse van 2 jaar elk waarvan geeneen langer as 90 dae duur nie en wat per siklus altesaam nie 120 dae oorskry nie. Altesaam beloop dit dus 'n maksimum van 24 maande (= 730 dae) plus 720 dae (6 maal 120 dae), d.w.s. 'n totaal van 1450 dae.

Nadruk moet gelê word op die feit dat die gemeenskapsdiens wat verrig moet word ingevolge sub-paragraaf 3 (a) van Artikel 72 E, bereken moet word m.b.t. die "totaal van

alle dienstydperke wat andersins ingevolge daardie artikel van toepassing sou wees". In teenstelling hiermee word die ononderbroke dienstydperk waarna in sub-artikel 3 (b) verwys word, d.w.s. byvoorbeeld m.b.t. kommandododiens, bereken met verwysing slegs na "die betrokke dienstydperk" wat hy ingevolge die betrokke bepaling moet doen of 18 dae, watter ookal die langste is. In laasgenoemde geval is enige tydperk wat bereken moet word dus 18 dae of een-en-'n-half maal so lank as die dienstydperk waarvoor die kommandolid op die betrokke geleentheid opgeroep is. Sub-artikel (a) verwys egter nie na die betrokke dienstydperk wat op daardie stadium gedoen moet word nie, maar na die totaal van alle dienstydperke wat ingevolge Artikel 22 van toepassing sou wees. Na my mening is dit duidelik dat die wetgewer in Artikel 72 E 3 (a) na die maksimum tydperk verwys, d.w.s. nie slegs die eerste tydperk van 24 maande waarvoor die dienspligtige opgeroep is op die stadium wat hy aansoek gedoen het om as godsdiensbeswaarde geklassifiseer te word nie, maar ook die maksimum van die verdere periode van ses siklusse van hoogstens 120 dae elk.

Artikel 72 I (2) van die Verdedigingswet, 1957 is ook reeds voorheen na verwys en lees in geheel as volg:

> "(2) 'n In Artikel 72 E (3) bedoelde persoon wat-
> (a) weier of versuim om gemeenskapsdiens te doen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding





> strafbaar met 'n tydperk van detensie wat gelykstaan met die tydperk van gemeenskapsdiens wat hy nog moes doen op die tydstip van sodanige weiering of versuim;
> (b) weier of versuim om enige opdrag of plig na te kom of uit te voer m.b.t. gemeenskapsdiens, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of met gevangenisstraf met 'n tydperk van hoogstens 6 maande of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf."

Dit is belangrik om daarop te let dat in sub-paragraaf (b) hierbo aangehaal daar verwys word na 'n straf van hoogstens R500 boete en hoogstens 6 maande gevangenisstraf. Sub-artikel (a) bevat nie die woord "hoogstens" nie en dit is derhalwe na my mening duidelik dat ingevolge die bepalings daarvan 'n persoon wat as godsdiensbeswaarde in die sogenaamde derde kategorie geklassifiseer is en deur 'n landdroshof skuldig bevind word dat hy weier en/of versuim om gemeenskapsdiens te doen, gevonnis moet word tot die volle voorgeskrewe vonnis selfs indien hy 'n eerste oortreder is.

Die beskuldigde was 'n eerste oortreder wat nog geen diensplig of gemeenskapsdiens verrig het nie en wat derhalwe verplig was om gemeenskapsdiens te verrig wat een-en-'n-half keer so lank is as die totaal van alle dienstydperke wat hy andersins as militêre dienspligtige sou moes verrig d.w.s.

een-en-'n-half maal 1450 dae of te wel 2175 dae.

Die landdros was dus nie net geregtig nie maar ook verplig om hom te vonnis tot detensie vir die tydperk soos in die vonnis genoem.

Dit blyk egter dat die landdros verder gegaan het en hierdie detensiestraf opgeskort het soos hy geregtig was om te doen ooreenkomstig die bepalings van Artikel 72 I (5) van die Verdedigingswet.

Ek is seker dat die landdros die vonnis opgeskort het in 'n poging om die gevolge van die verpligte vonnis vir die beskuldigde te probeer vermy afhangende van die beskuldigde se gewilligheid om nou einde ten laaste wel sy gemeenskaps= diens te verrig soos hy verplig is om te doen. Met hierdie benadering kan in beginsel geen fout gevind word nie en sou dit in normale omstandighede aangeprys word. Ek wil ook geen tegniese beswaar daarteen uitspreek nie en inaggenome die inligting tot die beskikking van die landdros is dit in ooreenstemming met reg en geregtigheid.

Nietemin is ek sowel as my broeder M T Steyn R., wie reeds te kenne gegee het dat hy met hierdie uitspraak en die redes daarvoor sal saamstem, uit hoofde van die feit dat ons





onderskeidelik die huidige en voormalige voorsitters is van die Raad vir Godsdienstige Beswaar, bewus daarvan dat 'n op= skorting van die verpligte detensiestraf opgelê ingevolge Artikel 72 I (2) (a) belemmerend en selfs verswarend werk vir 'n beskuldigde wat 'n lidmaat is van die kerk van Jehova se Getuies en/of die godsdienstige oortuigings en beginsels van daardie kerk onderskryf en daarvolgens leef. Die rede hier= voor is dat ingevolge die geloofsbeginsels van hierdie kerk nie alleen enige vorm van militêre diensplig sondig is nie maar ook enige ander diens wat as direkte alternatief daar= voor of in plaas daarvan verrig word. Gevolglik kan gemeen= skapsdiens nie verrig word as direkte alternatief tot militêre diens nie. Waar daar dus 'n straf van detensie opgelê word weens weiering of versuim om dit te doen kan gemeenskapsdiens wel verrig word mits dit gestel word as voorwaarde vir vrylating op parool aangesien dit dan gedoen word as alternatief tot die detensie. Word die detensiestraf egter opgeskort op voorwaar= de dat diensplig verrig word, kan die diensplig nie verrig word nie aangesien die opskorting volgens die siening van hierdie gelowiges die vonnis van detensiestraf oneffektief maak of buitewerking stel sodat daar in wese dan weer verwag word dat gemeenskapsdiens verrig word instede van en as direkte

alternatief tot militêre diens. Die enigste effek van 'n opskorting van detensie is bygevolg dat die opskort= ingsvoorwaardes ook/nie nagekom kan word nie en dat die beskul= digde soos in die onderhawige geval weereens opgespoor moet word, weereens arresteer moet word, weereens voor 'n landdros= hof gebring moet word en dit uiteindelik tog beveel moet word dat die detensiestraf in werking gestel word. Sodra die beskuldigde dan wel by die detensie kaserne of by die militêre owerhede opdaag om sy detensie uit te dien kan hy wel aansoek doen om op parool uitgelaat te word mits hy sy gemeenskapsdiens verrig en in welke geval hy dan heeltemal blymoediglik en tevrede sy gemeenskapsdien sal verrig as alternatief tot verpligte opname en verblyf in die detensie kaserne.

Waar 'n persoon wat geklassifiseer is ingevolge die sogenaamde derde kategorie, d.w.s. ingevolge Artikel 72 D (1) (a) (iii) van die Verdedigingswet, 1957, gevonnis moet word ooreenkomstig die bepalings van Artikel 72 I (2) (a) daarvan, is dit verpligtend dat die volle detensiestraf aan hom opgelê word, maar behoort die betrokke/voorgeskrewe detensiestraf slegs opgeskort te word indien en nadat die landdros vasge= stel het of dit vir die beskuldigde moontlik is ingevolge sy





geloofsoortuigings om die opskortingsvoorwaardes na te kom. Volgens die huidige stand van die geloofsoortuigings van alle persone wat die Kerk van Jehova se godsdienstige leer= stellings onderskryf is, dit nie alleen nie moontlik om mili= têre diensplig te verrig nie maar ook nie moontlik om die opskortingsvoorwaardes waarna reeds verwys is na te kom nie weens die redes voormeld. Waar 'n persoon wat verklaar dat hy een van die Getuies van Jehova is of 'n soortgelyke geloof onderskryf, sal dit verkeerd en belemmerend van die belange van die Staat sowel as die beskuldigde wees om die verpligte detensiestraf wat opgelê moet word op te skort.

Hierdie benadering is in ooreenstemming met die <u>ratio</u> en die gees van die bepalings van Artikel 72 I. Opgelet sal word dat Artikel 162 A (126) bepaal dat iemand wat ingevolge Arti= kel 22 of 44 verplig is om diens te doen en wanneer hy daar= toe aangesê is weier om diens in die Suid-Afrikaanse Weermag te doen aan 'n misdryf skuldig is en by skuldigbevinding straf= baar is met gevangenisstraf. In teenstelling hiermee is 'n godsdiensbeswaarde wat weier of versuim om die gemeenskaps= diens te verrig waartoe hy verplig is instede van militêre diens, strafbaar met detensie en nie met gevangenisstraf nie. Die rede hiervoor is nie voor die hand liggend nie, maar kan

tog gevind word indien die geskiedenis en ontwikkeling van die Verdedigingswet m.b.t. die behandeling van persone wat godsdiensbesware teen militêre diensplig het, nagegaan word. Die bepalings van Artikel 72 A–I is by die Verdedigingswet ingevoeg deur die Wysigingswet op Verdediging, no 34 van 1983 in 'n poging om die gewone godsdiensbeswaarde te dekriminaliseer. Daarom dan dat die gewone diensplgtige wat weier om sy militêre diens te doen as 'n misdadiger beskou word en gevangenisstraf opgelê word terwyl iemand wat weier om sy diensplig te doen omdat dit in stryd is met sy godsdienstige oortuigings die geleentheid gegun word om as sulks geklassifiseer te word deur 'n Raad vir Godsdienstige Beswaar soos saamgestel ingevolge Artikel 72 A van die Verdedigingswet en om dan gemeenskapsdiens te verrig. Omdat verreweg die meeste van die genoemde derde kategorie van Godsdiensbeswaardes (huidiglik meer as 80%), lede is of aanhangers is van die Kerk van Jehova se Getuies, is dit ook deur die wetgewer besef dat die meeste van sodanige godsdiensbeswaardes weens hul besondere godsdienstige oortuigings ook sal weier om sondermeer gemeenskapsdiens te doen. Om in daardie geval bloot eenvoudig aan hulle ook gevangenisstraf op te lê soos die geval is met diensplgtiges wat vir ander redes as godsdienstige besware weier om militêre diens te verrig, sou





die poging om godsdiensbeswaardes te dekriminaliseer verydel. Omdat dit verder besef is dat hierdie grootste gros van godsdiensbeswaardes wel tevrede sou wees om gemeenskapsdiens te verrig as alternatief tot een of ander <u>straf</u>, maar nie as alternatief tot militêre diens nie, is dit in Artikel 72 I bepaal dat die vonnis een van <u>detensie</u> moet wees in teenstelling met <u>gevangenisstraf</u>. Die rede hiervoor is dat 'n persoon aan wie gevangenisstraf vir 'n betreklik lang periode opgelê word nie onmiddellik op parool uitgelaat kan word nie terwyl 'n persoon wat gestraf word tot detensie onmiddellik op parool uitgelaat kan word. Langs hierdie weg word dan die doel van die wetgewer met die skepping van die hele Artikel 72 A–I–prosedure bereik d.w.s. die dekriminalisering en nuttige aanwending van die grootste gros van godsdiensbeswaardes in die voornoemde derde kategorie.

Indien al hierdie oorwegings en prosedures in aanmerking geneem word is dit dan onmiddellik duidelik dat die voorgeskrewe straf ingevolge Artikel 72 I slegs oënskynlik 'n swaar straf is maar inderdaad in alle gevalle waar die godsdiensbeswaarde inderwaarheid gewillig is om gemeenskapsdiens te verrig mits dit verrig kan word in ooreenstemming met sy godsdienstige ooruigings, geen swaar straf is nie en slegs deel vorm van die

prosedure om hom tot by daardie punt te bring.

In die lig van bogaande en aangesien daar in die onderhawige geval reeds die punt bereik is waar die landdroshof, Boksburg, die vonnis soos opgelê deur die landdroshof, Sasolburg, in werking gestel het, sou dit geen doel dien om op hierdie stadium in te meng met daardie gedeelte van die vonnis wat die werking daarvaan opskort nie.

Bygevolg word die skuldigbevinding sowel as die vonnis van die landdroshof, Sasolburg bekragtig. Die aanmerkings hierbo m.b.t. die opskorting van sodanige vonnisse moet egter in die toekoms waar toepaslik deur landdroshowe by vonnisoplegging in aanmerking geneem word.

J W EDELING R.

EK STEM SAAM:

M T STEYN R.

/CG

---

REGISTRAR, SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA (ORANGE FREE STATE PROVINCIAL DIVISION)
29 -3- 1985
GRIFFIER, HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)
BLOEMFONTEIN

J 4

*Hooggeregshof Verw.-nr.* 85 0814

Landdros se reeksno. 10/85

# HERSIENINGSAAK

*Saak No.* A5540 *van* 1984

Landdroshof vir die distrik SASOLBURG

gehou te SASOLBURG

DIE STAAT

*teen*

STEPHEN HENRY BUTCHER

Skuldig bevind aan die misdryf van A/a 72 I 2(a) WET 44/1957

VERSUIM OM VIR GEMEENSKAPSDIENS AAN TE MELD BY DIE DEPARTMENT MANNEKRAG.

Vonnis 2175 dae detensie wat in geheel opgeskort word vir 2175 dae op voorwaarde dat besk. op 12 Desember 1984 voor of om 9h00 by die Departement Mannekrag, Pretoria aanmeld en gemeenskapsdiens verrig soos bepaal deur die Direkteur-Generaal, Departement Mannekrag vir 2175 dae.

Datum gevonnis

Ek sertifiseer dat die aangehegte stuk die oorkonde van die verhoor in bogenoemde saak is wat op die gemelde datum voor my verhoor is.

Verder sertifiseer ek dat die gevangene op gemelde datum meegedeel is dat die prosesstukke op die ... deurgestuur sou word vir hersiening deur die ...

LANDDROS
PRIVAATSAK X ...
26 03 1985
SASOLBURG 9570
MAGISTRATE

Afdeling van die Hooggeregshof BLOEMFONTEIN

*Beskuldigde op borgtog vrygelaat/nie vrygelaat nie.

*Boete/vergoeding betaal/nie betaal nie.

(GET) J.J. HUMAN

Datum 19 *Landdros*

In hierdie saak is ek van oordeel dat reg behoorlik geskied het.

Datum 19 *Regter van die Hooggeregshof*

SLEGS VIR GEBRUIK DEUR GRIFFIER

Voorgelê aan Regter Edeling R op 1985-03-26 19

Datum waarop rekord finaal na landdros teruggestuur is.

Opmerkings

HOOF VAN DIE GEVANGENIS, GEVANGENIS.

Bogenoemde vonnis is na hersiening *bekragtig/tersyde gestel/soos volg gewysig

Datum 19 *Klerk van die Hof*

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

RAADNO ....................

GEVANGENE ..ALASTAIR TEELING-SMITH.......... (ALASTAIR TEELING-SMITH)

GEV NO W...18/86 : ................................ SEKSIE ....................

HOOF VAN DIE GEVANGENIS

1.0 EK HET DIE VOLGENDE ~~KLAGTES~~/VERSOEKE WAT EK GRAAG ONDER U AANDAG WIL BRING

1) STUDY RIGHTS

2.0 ..(i)...

Request permission to continue with my studies for an MA in Psychology.
Person to contact (Supervisor) Andy Dawes
Dept of Psychology UCT

2) Items of Clothing
- Shorts
- T-Shirt
- [illegible]
- [illegible]
- [illegible]
- Dental Floss
- Nail Clippers

a. Teeling-Smith
HANDTEKENING

4/12/86
DATUM

(KLAGTES OF VERSOEKE VAN GEVANGENES MOET VOLLEDIG OMSKRYF WORD, SODAT DIE NODIGE AANDAG DAARAAN GESKENK KAN WORD)

P Study materials requested 9/12/86

- exam pads, pens
- selection of books from 4 dept
- back copies of "4 in Society"
- books + papers from Andy
- " " " Sandy.
- selection of 4 + other books from my shelf.
- "Out Now" by Frank Halstead

81/143299

Alastair Teeling-Smith 9/12/86
N 18/86 C3

Requested the following items
1) Short pants
2) Reading glasses
3) Thermos Flask
4) T-Shirts
5) Running Shoes
6) Box to put over speaker

a Teeling Smith

Told by Captain that he can no longer phone to get these items.

ALASTAIR TEELING-SMITH
18 86

Permission to See lawyers
~~Christen~~ Christen Barger
Andy Durbach
From Barnardt Vindi + Polack

A Teeling Smith

6/12/86

Study materials for Alistair Teeling-Smith

N 18/86 12/10/86

S. Turkle : Psychoanalytic politics
S. P.P. : The Surplus People
R. Jacoby : Social Amnesia
Schmire (ed) : Race + ethnicity
Miles, R ; Racism + migrant labour
D. O'Meara ; Volkskapitalisme
D. Ingleby (ed) ; Critical psychiatry
R. Omond : The Apartheid handbook
Z.K. Matthews: Freedom for my people
Streek + Wickstead: Render unto Kaiser
T. Couzens (ed) : The return of the Amasi bird
P. Barker ; Basic family therapy
Marx + Goodson : Theories in Contemporary Psychology
J. Stone : Racial conflict in contemporary society
J. Lacan : Anika Lemaire
Baxter + Sansom (ed) : Race + social difference
D. Lodge : Small world

2 pencils, 1 pencil sharpener, 3 pens
1 foolscap pad, 11 "booklets" of foolscap.
1 bottle tippex
1 eraser

Dear Alistair — Herewith the stuff we could get hold of. If you want more, just request it. Your slightest command is our dearest wish, to miscoin a quote!

With lotsa luv from
Janet xx

81/143299

Alastair Teeling - Smith

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | mock cutlets | 3,60 | ✓ |
| 1 | meat balls & gravy | 1,25 | ✓ |
| 1 | pineapple tinned | ,89 | ✓ |
| 2 | dried appricots | 1,80 | ✓ |
| 1 | chockrust | 1,44 | ✓ |
| 1 | Buttermill rusks | 1,93 | ✓ |
| 7 | chips | 2,59 | ✓ |
| 3 | Bar Ones (C) | 1,80 | ✓ |
| 1 | large Chocolate | 2,46 | ✓ |
| 6 small | Kit Kats | ~~[illegible]~~ 202. | ✓ |
| 1 | salted nuts (C) | 1,20 | ✓ |

R ~~[illegible] 20~~ ✓

67
16

20·07
~~1·44~~
R 21·51

113-13

56-87

Study materials for Alistair Teeling-Smith

N 18/86 12/10/86

S. Turkle : Psychoanalytic politics
S.P.P. : The Surplus People
R. Jacoby : Social Amnesia
Schnire (ed) : Race + ethnicity
Miles, R ; Racism + migrant labour
D. O'Meara ; Volkskapitalisme
D. Ingleby (ed) ; Critical psychiatry
R. Omond : The Apartheid handbook
Z.K. Matthews: Freedom for my people
Streek + Wickstead : Render unto Kaiser
T. Couzens (ed) : The return of the Amasi bird
P. Barker : Basic family therapy
Marx + Goodson : Theories in Contemporary Psychology
J. Stone : Racial conflict in contemporary society
J. Lacan : Anika Lemaire
Baxter & Sansom (ed) : Race + social difference
D. Lodge : Small world

2 pencils, 1 pencil sharpener, 3 pens
1 foolscap pad, 11 "booklets" of foolscap
1 bottle tippex
1 eraser

Dear Alistair — Herewith the stuff we could get hold of. If you want more, just request it. Your slightest command is our dearest wish, to miscoin a quote!

With lotsa luv from Janet xx

G.P.-S. (A1) P. 21 81/143198

Documents needed for inspection report
Section 30 of the Fund Raising act (act 107 of 19[illegible]

1. The constitution of the organization or deed of trust.
2. The names of the persons on the board as well as their titles and/or the names of the persons on the executive committee.
3. ~~A~~ copy of the last auditors report.
4. a copy of the last minutes of a meeting
5. The cash book
6. any receipt books
7. The last cheque-book
8. The bank deposit book and bank statements
9. Copies of contracts entered into with donors
10. Copies of loan contracts entered into.
11. Any correspondence or newsletters wherein donations was asked by the organization or offered by any donator whether in the Republic of SA or not.
12. The full (street) address, telephone number and post box number

---

**DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESONDHEID EN BEVOLKINGSONTWIKKELING**

Republiek van Suid-Afrika

**DEPARTMENT OF NATIONAL HEALTH AND POPULATION DEVELOPMENT**

Republic of South Africa

GW 1.6.1.3

Telegramadres:
Telegraphic address: "SAGWEP"
Teleks:
Telex:
Telefoon:
Telephone:

Privaatsak
Private Bag X63
0001 Pretoria

Navrae/Enquiries:
Verwysing/Reference:

DEPT. VAN NASIONALE GESONDHEID EN BEVOLKINGSONTWIKKELING
PRIVAATSAK / PRIVATE BAG X63
PRETORIA 0001
DEPT. OF NATIONAL HEALTH AND POPULATION DEVELOPMENT

## LETTER OF APPOINTMENT

JACOB VAN DER WALT, identity number 4509305136000, is hereby appointed as inspector in terms of section 30(5) of the Fund-raising Act, 1978 (Act 107 of 1978), and with the approval of the Minister of National Health and Population Development to investigate the affairs of **The End Conscription Committee/Campaign (ECC).**

The Minister of National Health and Population Development has approved that the inspector may at any time and without prior notice enter any premises of the said organization and, without a warrant, search such premises for money, securities, records, accounts or documents and demand the delivery to him of any or all of the securities, records, accounts or documents of such organization.

Thus done and signed at **PRETORIA**, this 26th day of January 1987.

[signature]

DIRECTOR OF FUND-RAISING

6-21403 SA

PR 02/24 08:28

3-21320 SA

TO : J.P. RUTSCH
LEGAL RESOURCES CENTRE
DURBAN
FROM D: DIRECTOR OF FUND-RAISING

YOUR TELEX OF 23 FEBRUARY 1978 (SORRY 1987) RE : END CONSCRIPTION CAMPAIGN INSPECTION IN TERMS OF SECTION 30(5) OF ACT NO. 107 OF 1978

THE INSPECTION IS CARRIED OUT IN TERMS OF SECTION 30(5)(B) IN ORDER TO DETERMINE WHETHER YOUR CLIENT IS SUBJECT TO THE PROVISIONS OF THE ACT X THE CONTENTS OF THE CLAUSE ARE CLEAR AND NEED NO FURTHER ELABORATION X

6-21403 SA

3-21320 SA

6-21403 SA

DN 02/23 13:12
321320+
3-21320 SA

DN 02/23 13:12 Mr. Visser

6-21403 SA
TO: THE DIRECTOR OF FUNDRAISING
DEPARTMENT OF NATIONAL HEALTH AND POPULATION DEVELOPMENT
PRETORIA

FROM: THE LEGAL RESBURCES CENTRE
DURBAN

RE: END CONSCRIPTION CAMPAIGN INSPECTION IN TERMS OF SECTION 30 (5) OF ACT NO 107 OF 1978.

WE ACT FOR AND HAVE BEEN CONSULTED BY THE REGIONAL COMMITEE OF THE END CONSCRIPTION CAMPAIGN, DURBAN. OUR CLIENTS HAVE BEEN APPROACHED BY MR J VAN DER WALT WHO HAS PRODUCED TO THEM A LETTER OF APPOINTMENT APPOINTING HIM AN INSPECTOR UNDER AND IN TERMS OF THE ABOVE SECTION OF THE FUND-RAISING ACT1978, WHO HAS REQUESTED OUR CLIENTS TO PROVIDE HIM WITH CERTAIN INFORMATION AND TO DISCLOSE TO HIM CERTAIN BOOKS, DOCUMENTS ETC.

OUR CLIENTS ARE WILLING TO CO-OPERATE WITH YOU AND MR VAN DER WALT AND WISH TO COMPLY E WITH THE PROVISIONS OF THE ACT TO THE FULLEST EXTENT. HOWEVER, IN THE NORMAL COURSE OF EVENTD, THE FINANCIAL AFFAIRS OF ANY ORGANISATION ARE CONFIDENTIAL AND AVAILABLE ONLY TO MEMVBERS OF THE ORGANISATION. OUR CLIENTS ARE RESPONSIBLE TO THE MEMBERS OF THEIR ORGANISATION TO ENSURE THAT THE ORGANISATION AND ITS FINANCIAL AFFAIRS ARE CONDUCTED RESPONSIBLY AND WITH CIRCUMSPECTION.

SECTION X 30(5) OF THE AFOREMENTIONED ACT AUTHORISES YOU TO INSPECT OR CAUSE TO BE INSPECTED THE AFFAIRS OF AN ORGANISATION IN FOUR SPECIFIED CIRCUMSTANCES (SECTIONS 30 (5)(A)(B)(C) OR (D)). IN EACH CASE YOU MUST HAVE REASONS OR GROUNDS UPON WHICH YOU BASE YOUR DECISION TO INSPECT OR CAUSE TO BE INSPECTED THE AFFAIRS OF A PARTICULAR ORGANISATION. IT IS OUR CLIENTS OPINION, IN THE LIGHT OF A SERIES OF SUPREME COURT DECISIONS, THAT THEY ARE ENTITLED TO BE FURNISHED WITH SUCH FACTS OR GROUNDS WHICH FORM THE BASES OF THE DESISION TO INVOKE THE PROVISIONS OF SECTION XX 30(5) IN RESPECT OF OUR CLIENT.

WEARE THEREFORE INSTRUCTED TO REQUEST YOU TO LET US HAVE THE AFORESAID INFORMATIO AS SOON AS POSSIBLE IN ORDER THAT OUR CLIENTS MAY BE A SATISFIED THAT THE NECESSARY JURISDICTIOONAL FACTS ARE PRESENT AND EXIST ENTITLING YOU TO ACT UNDER THE SAID XX SECTION. IN THE MEANTIME WE WILL REQUEST MR VAN DER WALT TO PEND HIS INSPECTION UNTIL WE XXXX HEAR FROM YOU.

YOURS FAITHFULLY
JP RUTSCH
LEGAL RESOURCES CEMTRE
DURBAN.
MESS ENDS.

E.C.C.
Kartone
435
Bowden +
Hoofwey

VERBOD OP 'n BYEENKOMS KRAGTENS REGULASIE 7 UITGEVAARDIG INGEVOLGE DIE WET OP OPENBARE VEILIGHEID, 1953 (WET 3 VAN 1953), BY PROKLAMASIE R109 VAN 1986
(STAATSKOERANT NR 10280 GEDATEER 12 JUNIE SOOS GEWYSIG)

---

'n Noodtoestand is verklaar in die Republiek van SUID-AFRIKA ingevolge Proklamasie R108, 1986 (Staatskoerant nr 10279 gedateer 12 Junie 1986).

Kragtens die bevoegdhede my verleen uit hoofde van Regulasie 7 van die regulasies ingevolge Proklamasie R109 van 12 Junie 1986, soos gewysig, verbied ek, Christoffel Anthonie SWART, Afdelingskommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie vir die AFDELING WESTELIKE PROVINSIE hiermee die NASIONALE KONFERENSIE of enige ander byeenkoms met dieselfde doel van die END CONSCRIPTION CAMPAIGN (E.C.C.) in of op enige plek binne die AFDELING WESTELIKE PROVINSIE van die Suid-Afrikaanse Polisie te enige tyd vanaf 12 Desember 1986 tot 22 Desember 1986.

Geteken te KAAPSTAD op die 11de dag van Desember 1986.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
AFDELINGSKOMMISSARIS
AFDELING WESTELIKE PROVINSIE
1986-12-11
SOUTH AFRICAN POLICE

GEN-MAJ
AFDELINGSKOMMISSARIS : AFDELING WESTELIKE PROVINSIE
C A SWART

G.P.-S. SAP 290

SUID-AFRIKAANSE POLISIE SOUTH AFRICAN POLICE

SAP 13 /58/86

S.A. Polisie
S.A. Police
Veiligheidstak
Loopstraat 112
Kaapstad
17 Februarie 19 87

**PER AANGETEKENDE POS**
**BY REGISTERED POST**

Aan
To Mnr. A. J. Teeling-Smith
Bowdenweg 31
Observatory

U word hiermee ingevolge subartikel (2) van artikel 31 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), in kennis gestel dat u die voorwerp(e) soos beskryf in die Bylae op die keersy hiervan binne 30 dae by bogenoemde polisiestasie moet kom afhaal.

You are in terms of subsection (2) of section 31 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977), hereby notified to take possession of the article(s) described in the Annexure on the reverse side hereof within 30 days at the above-mentioned police station.

*L.W.*—Indien u versuim om genoemde voorwerp(e) binne 30 dae vanaf die datum hiervan af te haal, word dit aan die Staat verbeur.

*N.B.*—If you fail to take delivery of the said article(s) within 30 days from the date hereof, the article(s) shall be forfeited to the State.

[signature] waarnemende Afo

N/ *Stasiebevelvoerder/Station commander*

S.A. Polisie
S.A. Police Veiligheidstak
Kaapstad.

SAP 290

BYLAE — ANNEXURE

MR.
CR. A223/12/86

SAP 13 /58/86

Beskrywing van artikel(s)/Description of article(s)

Sien Aanhangsel.

[signature] Wdsnt/Ao.

(1) Een Bricks nuusblad
(2) Een Maxell kaset
(3) Een Vocational Guidance
(4) Een Sanlam lêer met dokumente
(5) Een War is no solution
(6) Vier Standard Bank tjekboeke
(7) Een Standard Bank boek nr. 07545317
(8) Een bruin koevert met publikasie WORKING PROGRESS
(9) Een Dagboek

Die beskuldigde Mnr. A. TEELING SMITH het erken dat die dokumente aan hom behoort en hy het ook ontvangs daarvan erken.

Vandaar is ek na die slaapkamer waar ek op die volgende items beslag gelê het:-

(1) Een Music Towards a People Culture plakkaat
(2) Een Cultural Rally Plakkaat
(3) Een Peoples Fair Plakkaat
(4) Een Politics Literature Plakkaat
(5) Een Drama Towards a People Culture Plakkaat
(6) Een Youth Art Plakkaat
(7) Een Film and Video Plakkaat
(8) Een Fact and Fiction Plakkaat
(9) Een Exhibition Plakkaat
(10) Een Literature Towards People Plakkaat
(11) Een Arts Festival Plakkaat
(12) Een Literature Drama Plakkaat
(13) Een South African Labour Bulletin
(14) Een A Different Kind of War Plakkaat
(15) Een Colouring Book
(16) Een Anti-War Plakkaat
(17) Een End Conscription Rally Plakkaat

2/..........

Bernadt, Vukic & Potash
ATTORNEYS
Eighth Floor 14 Long Street Cape Town 8001 Telephone (021) 21-4950
Telex 5-24222 Telegrams: 'Franksure' P.O. Box 252 Cape Town 8000

YOUR REF: OUR REF: CB/JD DATE: 1987-02-09

Mr A Teeling-Smith
31 Bowden Road
**OBSERVATORY**
7925

Dear Alistair

**YOUR DETENTION**

We refer to the above and enclose herewith our statement of account up and until your release from detention for your attention in due course.

Yours sincerely

**CHRISTINE BURGER**

# Bernadt, Vukic & Potash
ATTORNEYS

Eighth Floor 14 Long Street Cape Town 8001 Telephone (021) 21-4950
Telex 5-24222 Telegrams: 'Franksure' P.O. Box 252 Cape Town 8000


Mr A Teeling-Smith
31 Bowden Road
**OBSERVATORY**
7925

DATE: 1987-02-06

OUR REF: AD/JD/12841

TO ACCOUNT RENDERED

**RE : YOUR DETENTION**

To our all inclusive Attorney/client fee:

Taking instructions to attend on detention; drafting telex to Minister of Law & Order (2f); attending on Mrs Teeling-Smith advising and informing of conditions of detention and applications for visits. Attending meeting with parents and friends of detainees, advising and discussing options for legal action (1 hr); perusing letter from South African Police confirming detention and being advised attorneys visits permitted (1f).

Telephonic attendance on Security Police making arrangement for attorneys visit; drafting telex to Security Police making application to visit detainee (1f); perusing telex from South African Police, Pretoria confirming detention (1f);

Telephonic attendance on Major Smit Security Police, being advised of imminent release and being advised of bail (10 mins);

Telephonic attendance on Mrs Teeling-Smith informing her of release and bail arrangements;

Telephonic attendance on Major Smit, Security Police making arrangements to visit detainee at Caledon Square (10 mins);

On request a taxed bill of cost will be furnished in respect of any item appearing in this account, but in such event we reserve the right to claim the amount of the bill as taxed.

E. & O.E.

Lexlines

| | | |
|---|---|---|
| Attending on Major Grundlingh confirming detainee being held at Caledon Square and arranging visit; attendance on W/O Esterhuizen being advised detainee being charged and nature of charges (15 mins); attendance on detainee at Caledon Square, taking instructions regarding interrogation and forthcoming charges (7.30pm-10.30pm) | | |
| Attending Cape Town Magistrate's Court, arranging conditions of bail and release (8.30am-9.30am) | 250 | 00 |
| Consultations : 4 hrs | | |
| Documents drafted : 3f | | |
| Documents perused : 2f | | |
| Telephonic attendances : 6 | | |
| Miscellaneous attendances : 1 hr | | |
| To paid photocopying charges : | 1 | 00 |
| To posts, petties and telephone calls : | | |
| **BY AMOUNT DUE** | R251 | 00 |

INVENTORY OF PROPERTY SEIZED
INVENTARIS VAN EIENDOM IN BESLAG GENEEM

CASE NO.
SAAK NO. ______________________ NR. ______________________

TIME AND DATE OF SEARCH
TYD EN DATUM VAN DEURSOEKING 12h35 1986/05/15

IN CHARGE / IN BEVEL W/O THERON

ADDRESS AND DESCRIPTION OF PREMISES SEARCHED:
VOLLEDIGE BESONDERHEDE EN ADRES VAN DEURSOEKTE PERSEEL

End Conscription Campaign Office 1 Rhodesville(?)
Main Road [illegible]

NAME AND ADDRESS OF PERSON(S) PRESENT AND IN CHARGE OF PREMISES DURING SEARCH / NAAM EN ADRES VAN PERSOON(SONE) TEENWOORDIG EN IN BEVEL VAN PERSEEL TYDENS DEURSOEKING

1) Paula Mary Hathorn 37 Loco Road [illegible]
2) Vivian Cornell 8 Grotto Road

REMARKS BY AFOREMENTIONED PERSON / AANMERKINGS DEUR VOORMELDE PERSOON

1) [illegible]
2)

XX P Hathorn accepts responsibility for all pamphlets

DESCRIPTION OF PROPERTY SEIZED / BESKRYWING VAN EIENDOM IN BESLAG GENEEM

| SERIAL NO<br>VOLGNOMMER | DESCRIPTION<br>BESKRYWING | EXACT PLACE WHERE FOUND<br>JUISTE PLEK WAAR GEVIND |
|---|---|---|
| 10 | Pamphlets entitled "The Civil Rights League and the ECC" | on desk |
| 10 | Pamphlets entitled "We call on the Government to recognise freedom of conscience" | on desk |
| 1 | Loose pamphlet "We demand the right to oppose conscription." | |
| 1 | Sealed parcel containing above pamphlets | |

[signature] Sprins(?) Sgt [signature]
86/05/15

VETS FOR VICTORY.

EXAMPLE

AFFIDAVIT

I, the undersigned (Name)

of (address)

do hereby make oath and say that:

1. I am a partner in the firm of which is a firm of attorneys, hereinafter referred to as "my firm".
2. In the last week of April 1988 my firm received in the post two copies of a booklet entitled "The Rape of Peace" published by Veterans for Victory. To the best of my knowledge and belief these booklets were unsolicited.
3. In my personal capacity I find the contents of this booklet offensive and I object to it being sent to my firm.

Signed at this day of 1988

................

I certify that the deponent has stated that:

1. She knows and understands the contents of this affidavit.
2. She has no objection/~~objects~~ to taking the prescribed oath.
3. She considers/~~does not consider~~ the prescribed oath to be binding on her conscience.

I have caused the deponent to utter the following words:

"I swear that the contents of this affidavit are true, so help me God"

.............................. ..................

COMMISSIONER OF OATHS DATED

(eg. an attorney)

Any personal experience of info. in h/record.

AFFIDAVIT

I, the undersigned (Name)

of (address)

do hereby make oath and say that:

I. I am a race sex age

2. The facts contained herein are within my personal belief unless the context indicates otherwise.

3.

Information

Signed at this day of I988

.....................

I certify that the deponent has stated that s/he knows and understands the contents of this affidavit and that the regulations contained in Govt. Notice RI258 of the 2I st of July I972 have been complied with.

...................... ..................

COMMISSIONER OF OATHS DATED

(attorney)

STASIE: CAPE TOWN
STATION: M.R. 92/4/88
C.R.

NAAM: MOHAMMED HANIEF JAYET
NAME:

PERSOONSNOMMER N/B
IDENTITY NUMBER

RAS EN GESLAG: C/M TAAL: ENGLISH HUWELIKSTAAT: MARRIED
RACE AND SEX LANGUAGE MARITAL STATUS

NASIONALITEIT: SAB ONDERWYSPEIL: St. 10.
NATIONALITY STANDARD OF EDUCATION

GEBOORTEPLEK: CAPETOWN GEBOORTEDATUM: 13/1/1953
PLACE OF BIRTH DATE OF BIRTH

VERKLAAR IN AFRIKAANS:
STATES IN ENGLISH :

Ek is 'n volwasse/minderjarige man/vrou
I am an adult/minor male/female

woonagtig te
residing at BUIS STREET BRIDGE TOWN OUDSHOORN (04431-8007)

en werksaam te
and employed at E.K. BAZAAR (AS ABOVE)

in die hoedanigheid van
in the capacity of MANAGER

Ek is nugter en by my volle verstand.
I am sober and in my sound senses.

Ek is daarvan verwittig dat ek in die teenwoordigheid van 'n Vredesbeampte,
I have been informed that I am in the presence of a Peace Officer,

is, naamlik:
namely : DWO VAN DEN HEEVER

Ek is meegedeel dat ek daarvan verdink word dat ek :
I have been advised that I am suspected of : CONTRAVENING REGULATION 5(b) OF THE MEDIA REGULATIONS AS PROMULGATED BY PROCLAMATION No R97 IN GOVERMENT GAZETTE No 10772 OF JUNE 1987 IN THAT S.S. PRINTERS PRODUCED A PUBLICATION IN WHICH A SUBVERSIVE STATEMENT APPEARS NAMELY THE "OUT OF STEP" VOLUME 1 NR 3 OF AUGUST 1987 AN ECC PUBLICATION

Ek is gewaarsku dat ek nie verplig word om enige verklaring in
I have been warned that I am not obliged to make any statement

antwoord daarop af te lê nie, maar dat dit my vrystaan om vrywilliglik
in reply thereto, but that I may make a statement voluntarily should

'n verklaring af te lê uit my eie vrye wil indien ek dit verkies en
I elect to do so at my own free will, and that such statement will

2/.......

**Collection Number: AG1977**

**END CONSCRIPTION CAMPAIGN (ECC)**

***PUBLISHER:***

*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.